basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**VERBRUIKERSTUDIES**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 17 bladsye.**

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.161; Suksesvol, p.177)* | (1) |
| | 1.1.2 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.167; Suksesvol, p.185)* | (1) |
| | 1.1.3 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)* | (1) |
| | 1.1.4 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.167; Suksesvol, p.185)* | (1) |
| | 1.1.5 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.164; Suksesvol, p.181)* | (1) |
| | 1.1.6 | B✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.76; Suksesvol, p.89)* | (1) |
| | 1.1.7 | C✓ | *Onthou, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.127)* | (1) |
| | 1.1.8 | A✓ | *Onthou, matig (Verken, p.71; Suksesvol, p.77)* | (1) |
| | 1.1.9 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.106; Suksesvol, p.128)* | (1) |
| | 1.1.10 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.94; Suksesvol, p.114)* | (1) |
| | 1.1.11 | D✓ | *Toepassing, matig (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.12 | B✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.139; Suksesvol, p.159)* | (1) |
| | 1.1.13 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)* | (1) |
| | 1.1.14 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)* | (1) |
| | 1.1.15 | D✓ | Onthou, *maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)* | (1) |
| | 1.1.16 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.11; Suksesvol, p.18)* | (1) |
| | 1.1.17 | C✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.39; Suksesvol, p.41)* | (1) |
| | 1.1.18 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.31; Suksesvol, p.30)* | (1) |
| | 1.1.19 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.19; Suksesvol, p.23)* | (1) |
| | 1.1.20 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.26; Suksesvol, p.26)* | (1) |

1.2 1.2.1 Enkelvoudige rente✓ *(Verken, p.166; Suksesvol, p.184)*

1.2.2 Piramiedeskema✓ *(Verken, p.162; Suksesvol, p.178)*

1.2.3 Stapelvlakskema/bemarking✓ *(Verken, p.162; Suksesvol, p.179)*

1.2.4 Swendelskema/scam✓ *(Verken, p.159; Suksesvol, p.176)*

1.2.5 Afkoeltydperk✓ *(Verken, p.157; Suksesvol, p.173)* (5)

*Onthou, maklik*

1.3 1.3.1 F✓

1.3.2 H✓

1.3.3 E✓

1.3.4 A✓

1.3.5 C✓ (5)

*Toepassing, matig (Verken, p.93-94; Suksesvol, p.110 -114)*

1.4 1.4.1 Kontantvloeiprojeksie✓

1.4.2 Volhoubare winsgewendheid✓

1.4.3 Produksie✓koste

1.4.4 (Finansiële) uitvoerbaarheidstudie✓

1.4.5 Winsopslag✓ (5)

*Verstaan, matig (Verken, p.35-40; Suksesvol, p.35-42)*

1.5 B✓
D✓
E✓
G✓
H✓ (Enige volgorde) (5)

*Verstaan, matig (Verken, p.64-65; Suksesvol, p.72)*

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANGVRAE**

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 **Verduidelik die volgende terme:**

2.1.1 **Lopendebetaalstelsel (LBS)**

Is werknemersbelasting✓[1] wat die werkgewer van die werknemer se maandelikse/ voltydse inkomste aftrek✓[2] wat in oormaat van die belastingdrempel vir 'n jaar is.✓[3] Die bedrag wat afgetrek word, word bereken deur belasting tabelle✓[4] te gebruik en aan die Ontvanger van Inkomste✓[5] betaal. (Enige 3)

**OF**

Werknemer betaal belasting✓[6] op dieselfde tyd wanneer hy/ sy inkomste verdien.✓[7] 'n Werkgewer trek een-twaalfde✓[8] van die beraamde belasting af wat die werknemer aan die einde van die jaar sal betaal.✓[9] Die person se belastingaanspreeklikheid word deur die loop van die jaar afbetaal en aan die Ontvanger van Inkomste betaal.✓[10] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)*

2.1.2 **Uitvissing**

Wanneer 'n e-pos/ webtuiste/ telefoonoproep ontwerp is om geld van 'n niksvermoedende verbruiker te steel.✓[1] Dit vertoon wettig✓[2] in 'n poging om persoonlike en finansiële inligting✓[3] van die verbruiker te verkry.

**OF**

E-posse wat vals✓[4] is, gee gewoonlik voor dat dit van die bank/ ander finansiële instansie✓[5] is. Die e-pos versoek die verbruiker om op ‘n skakel te druk om sy/ haar persoonlike besonderhede te verander/ die skakel neem die verbruiker na ‘n valse webtuiste,✓[6] wat opreg vertoon en die verbruiker mislei om sy/ haar kredietkaartnommer/ rekening se gebruiksnaam/ wagwoord te verskaf.✓[7] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.159; Suksesvol, p.177)*

2.2 **Noem TWEE heffings wat motoriste betaal wanneer hulle hul voertuie met brandstof of diesel volmaak.**

- Brandstofheffing/ belasting✓[1]
- Padongelukkefonds✓[2]
- Aksynsbelasting✓[3] (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.165; Suksesvol, p.182)*

2.3 **Noem VIER oorsake van waterbesoedeling.**

- Deur nie-omgewingsvriendelike waspoeier/ skoonmaakmiddels/ toiletware✓[1] te gebruik.
- Landboukundige waterbesoedeling/ oormatige gebruik van plaagdoders/ bemesting (kunsmis)/ mikroörganismes/ chemikalieë wat in die grondwater kan sypel.✓[2]
- Storting/ Rommel in riviere/ damme/ mere strooi.✓[3]
- Vernietiging van rivieropvanggebiede wat deur verstedeliking/ ontbossing/ opdam van riviere/ vernietiging van vleilande.✓[4]
- Waterbesoedeling wat per ongeluk plaasvind soos pype/ tenke wat bars/ groot lekkasies/ brande en oliestortings.✓[5]
- Onbehandelde riool,✓[6] wat in riviere/ water/ rivieropvanggebiede vloei.
- Industriële afval/ fabrieke wat water gebruik om afval na riviere/ mere te lei.✓[7]
- Lekkasies van ondergrondse opbergplekke/ petroleum/ oliepype.✓[8]
- Myne wat suurmynwater dreineer.✓[9] (Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.178; Suksesvol, p.197-198)*

2.4 **Maak 'n lys van maniere waarop 'n huishouding elektrisiteit kan bespaar wanneer water verhit en gekook word.**

- Kook water in 'n ketel eerder as op 'n stoof.✓[1]
- Moenie 'n ketel vul indien jy slegs 'n klein hoeveelheid kookwater benodig/ kook slegs die hoeveelheid wat benodig word.✓[2]
- Sodra voedsel gekook het, verminder die hitte en dit sal aanhou om te kook/ gebruik die korrekte grootte kastrol op die stoofplaat.✓[3]
- Stel die warmwatertenk/ geiser se temperatuur op 60°C/ verminder die warmwatertenk/ geiser se temperatuur/ skakel die warmwatertenk/ geiser af wanneer dit nie gebruik word nie.✓[4]
- Installeer 'n warmwatertenk/ geiser tydmeter.✓[5]
- Gebruik 'n warmwatertenk/ geiserkombers om die warmwatertenk/ geiser te isoleer en om dit warm te hou/ isoleer die warmwatertenk en die pype.✓[6]
- Stort in plaas van bad/ gebruik 'n lae-vloei stortkop omdat dit 40% minder warmwater gebruik.✓[7]
- Gebruik sonenergie om water te verwarm/ installeer sonwater-verhittingseenheid.✓[8]
- Gebruik gas/ parafien/ hout✓[9] om water warm te maak. (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.173-174; Suksesvol, p.193)*

2.5 **Onderskei tussen *direkte* en *indirekte belasting* wat deur 'n verbruiker betaal word.**

**Direkte belasting** word op persoonlike✓[1] en besigheidsinkomste✓[2] betaal. Direkte belasting is belasting wat deur verbruikers aan die staat/ SAID betaal word, om by te dra tot die rykdom van die staat op dieselfde manier waarop hulle bydra tot hul eie rykdom.✓[3] **Indirekte belasting** is versteekte belasting✓[4] wat op goedere en dienste✓[5] betaal word. (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.163-164; Suksesvol, p.180-181)*

**LET WEL: Beide belastings moet genoem word om volle punt toegeken te word.**

2.6 **Bespreek die voordele verbonde aan 'n tweejaarwaarborg op goedere en dienste.**

- Waarborg is 'n geskrewe belofte/ versekering✓[1] dat die gehalte/ duursaamheid van 'n produk of diens aan sekere standaarde sal voldoen/ vir twee jaar in 'n werkende toestand✓[2] sal bly.
- Dit is ‘n belofte van die vervaardiger om die produk of diens te
- ervang/ herstel/ enige probleme sal uitsorteer✓[3] wat binne twee jaar plaasvind.
- 'n Waarborg is 'n (veiligheidsmaatreël) teen verlies.✓[4]
- Die verbruiker het gewoonlik ‘n keuse of hy/ sy die goedere wil laat herstel/ vervang/ terugbetaal✓[5] wil word. (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.158; Suksesvol, p.175)*

2.7 **Verduidelik die verantwoordelikhede van munisipaliteite om die verspreiding van Covid-19 te beheer.**

- Munisipaliteite moet skoon water✓[1] teen 'n bekostigbare tarief/ gratis✓[2] aan huishoudings en publieke areas✓[3] voorsien sodat mense hul hande kan was.✓[4]
- Munisipaliteite het die verantwoordelikheid om klinieke te bou en te bedryf✓[5] om gesondheidsorg te voorsien en om te toets vir Covid-19/ om veldtogte te organiseer om die plaaslike gemeenskap op te voed oor Covid-19.✓[6]
- Munisipaliteite moet daarop aandring dat maskers✓[7] gedra word en verseker dat sosiale afstand✓[8] in publieke munisipale geboue gehandhaaf word.
- Munisipaliteite behoort ontsmettingstasies✓[9] by die ingang van elke munisipale gebou te hê. (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.183; Suksesvol, p.203)*

2.8 2.8.1 **Verduidelik waarom die advertensie as 'n kontrak beskou kan word wanneer 'n verbruiker hierdie datapakket koop.**

Wanneer 'n verbruiker hierdie pakket koop, sal hy/ sy 'n wettige ooreenkoms✓[1] met die diensverskaffer moet onderteken. Die verbruiker belowe om die bedrag wat genoem word/ R269.00 vir 24 maande te betaal✓[2] en die diensverskaffer belowe om die verbruiker van 'n 'Router' en 120GB data vir 24 maande te voorsien.✓[3] (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.155; Suksesvol, p.170)*

2.8.2 **Noem DRIE redes waarom die sluiting van hierdie kontrak wettig is.**

- Dit sluit nie enige iets wat die wet verbreek, in nie.✓[1]
- Die verbruiker en diensverskaffer kom ooreen om iets met waarde/ 'n 'Router'/ 120GB data uit te ruil vir R269,00 vir 24 maande.✓[2]
- Die diensverskaffer en die verbruiker is in 'n totale ooreenkoms van die bepalings/ voorwaardes ingesluit in die ondertekende ooreenkoms/ kontrak.✓[3]
- Die diensverskaffer of die verbruiker is nie op enige manier in die ooreenkoms gedwing/ geforseer nie.✓[4]
- Beide partye moet regsbevoeg✓[5] wees wat beteken hulle ouer as 18 jaar en by hul volle verstand moet wees om die ooreenkoms aan te gaan. (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.155; Suksesvol, p.170)*

2.9 **Bespreek die impak van prysverhogings van die volgende op Suid-Afrikaanse huishoudings.**

2.9.1 **Brandstofpryse**

- Vervoerkoste sal verhoog✓[1] en as gevolg daarvan sal huishoudings meer aan vervoer bestee✓[2] en minder geld beskikbaar hê om aan goedere en dienste te bestee.✓[3]
- Verbruikers sal meer vir goedere en dienste betaal.✓[4]
- Mense mag hul werk verloor✓[5] omdat werkgewers meer geld aan vervoer bestee en dit verminder die bedrag beskikbaar vir salarisse.✓[6] (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.184-185)*

2.9.2 **Elektrisiteit**

- Verbruikers wat voorafbetaalde elektrisiteit/ elektrisiteitkoepons gebruik, sal minder elektriese eenhede ontvang✓[1] vir dieselfde bedrag geld as wat hulle voorheen bestee het. Dit sal lei tot 'n afname in besteebare inkomste.✓[2]
- Verbruikers sal meer vir goedere en dienste betaal.✓[3]
- Elektrisiteit mag onbekostigbaar✓[4] vir sommige huishoudings wees, wat gevolglik kan lei tot minder beskikbare elektrisiteit/ die ontkoppeling✓[5] van elektriese toevoer. Heraansluitingsfooie sal betaal moet word✓[6] wat besteebare inkomste selfs verder sal verminder.✓[7] (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.184-185)*

**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Maak 'n lys van die inligting wat op 'n voedseletiket moet verskyn.**

- Naam van die produk✓[1]
- Lys van bestanddele insluitend bymiddels✓[2]
- Prys/ pryskode✓[3]
- Inligting oor allergene✓[4]
- Opberginginstruksies.✓[5]
- Naam en adres van die vervaardiger✓[6]
- Nutriëntinligting✓[7]
- Netto-inhoud/ gewig/ volume✓[8]
- Land van oorsprong✓[9]
- Prentjie van die produk✓[10]
- Instruksies vir die gebruik✓[11]
- Datumstempel✓[12]
- Lotnommer✓[13]
- Handelnaam✓[14] (Enige 5) (5)

*Onthou, maklik (Verken, p. 97–98; Suksesvol, p.117-118)*

3.2 **Noem waarom Suid-Afrika as voedselselfonderhoudend beskou kan word.**

- Suid-Afrika is voedselselfonderhoudend in byna al die hoof/ stapelvoedselprodukte.✓[1]
- Suid-Afrika het die vermoë om tekorte aan sekere voedsel in te voer✓[2] indien nodig. (2)

*Onthou, matig (Verken, p.106; Suksesvol, p.130)*

3.3 **Identifiseer die gesondheidstoestande wat deur prente A en C voorgestel word.**

**Prentjie A** Hiperglukemie✓[1]
**Prentjie C** Hipoglukemie✓[2] (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.78-80)*

3.4 **Noem VIER redes waarom Nandi die voedselverwante gesondheidstoestand hierbo ondervind het.**

- Nandi het hard geoefen/ vinnig gehardloop vir 2 km.✓[1]
- Sy het ontbyt oorgeslaan/ nie ontbyt geëet nie.✓[2]
- Sy het lekkers/ hoë GI voedsel✓[3] op 'n leë maag geëet.✓[4]
- Die inname van lekkers/ hoë GI voedsels✓[5] het haar bloedglukosevlakke skerp laat styg, wat veroorsaak het dat te veel insulien vrygestel is.✓[6] Dit het 'n skielike afname in haar bloedglukosevlakke✓[7] veroorsaak.

(Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.71; Suksesvol, p.79)*

3.5 3.5.1 **Noem die inkubasieperiode vir gastroënteritis.**

'n Paar ure tot 'n paar dae/ tot 10 dae nadat die siekte opgedoen is.✓ (1)

*Onthou, matig (Verken, p.91; Suksesvol, p.108)*

3.5.2 **Verduidelik hoe gastroënteritis waarskynlik aan die kleuters oorgedra is.**

- Voedsel is waarskynlik met besmette water voorberei.✓[1]
- Gereedskap wat vir voedselvoorbereiding/ bediening gebruik was, kon vuil/ nie deeglik gewas omdat daar 'n gebrek aan water was.✓[2]
- Die kleuters kon besmette water gedrink het.✓[3]
- 'n Kleuter was moontlik met gastroënteritis besmet en het ander besmet.✓[4]
- Die personeellede het moontlik nie hul hande gewas nadat hulle babadoeke geruil het nie.✓[5]
- 'n Personeellid was moontlik met gastroënteritis besmet✓[6] en het nie sy/ haar hande gewas✓[7] voordat die voedsel voorberei is nie. (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.91; Suksesvol, p.108)*

3.6 **Noem VIER voordele van geneties-gemodifiseerde voedsel vir die verbruiker.**

Geneties-gemodifiseerde voedsel:

- Bied meer weerstand teen siektes✓[1]
- Het beter geur/ kleur/ voorkoms/ tekstuur/ grootte✓[2]
- Het meer voedingswaarde✓[3]
- Het 'n langer raklewe✓[4]
- Is goedkoper✓[5]
- Is meer geredelik beskikbaar/ meer mense kan gevoed word✓[6]
- Mag as eetbare entstof✓[7] gebruik word (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.103; Suksesvol, p.123)*

3.7 **Verduidelik die negatiewe impak van organiese boerdery op die ekonomie.**

- Organiese produkte is duurder✓[1] omdat organiese boerdery duurder/ baie duur is.✓[2]
- Dit is meer arbeidsintensief,✓[3] dus mag arbeiders meer betaal moet word/ meer arbeiders moet gehuur word.✓[4]
- Die opbrengs is laer/ risiko is hoër✓[5] dus kan minder produkte verkoop word,✓[6] wat boere se wins/ inkomste verminder.✓[7]
- Organies-geproduseerde voedsel het 'n korter raklewe/ bederf/ verrot vinniger✓[8] wat inkomste/ winsverliese✓[9] tot gevolg het.
- Plase wat organiese voedsel produseer, moet gesertifiseer✓[10] word. Die sertifikasieproses (3 jaar) sal koste-implikasies hê.✓[11] (Enige 6) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p.104; Suksesvol, p.126)*

3.8 **Bespreek hoe die gereg hierbo kan help met die voorkoming en bestuur van osteoporose.**

- 'Pilchards' (pelsers/ sardyntjies) met bene/ melk in die witsous/ cheddarkaas/ is goeie bronne van kalsium✓[1] wat beendigtheid sal verhoog.✓[2]
- 'Pilchards' (pelsers/ sardyntjies)/ melk/ margarien in die witsous is goeie bronne van vitamien D✓[3] wat sal help met die absorpsie van kalsium.✓[4]
- 'Pilchards' (pelsers/ sardyntjies)/ cheddarkaas/ melk is goeie bronne van proteïene✓[5] wat sal help met normale kollageensintese.✓[6]
- 'n Verhoging in beendigtheid maak die bene sterker/ minder bros en verminder die risiko van bene wat breek/beenfrakture.✓[7] (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)*

3.9 **Regverdig of die brood geskik is vir 'n persoon wat aan diabetes ly.**

- Die brood bevat volgraanmeelblom, wat 'n laer GI-rangorde het.✓[1] Lae GI voedsel neem langer om af te breek/ glukose vry te stel as suiker.✓[2] Dit help om die bloedglukosevlak instant te hou in plaas daarvan om dit skerp te laat styg/ is effektief in die afname en beheer van diabetes/ bloedglukose.✓[3]
- Die brood is hoog in vesel✓[4] wat stadig verteer✓[5] en groot wisseling in bloedglukosevlakke voorkom.✓[6]
- Die brood bevat geen versadigde vet/ cholesterol/ transvette nie,✓[7] vet moet beperk word aangesien diabete meer vatbaar vir hartsiektes is.✓[8]
- Die brood bevat molasses, wat geskik✓[9] is vir diabete.
- Die brood bevat suiker/ heuning, wat hoog in suiker is,✓[10] is nie geskik vir diabete nie.✓[11] (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.72-73; Suksesvol, p.82)*

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Noem TWEE eienskappe van klassieke modes.**

- Klassieke modes bly vir 'n lang tyd gewild/ tydloos/ duur vir baie seisoene.✓1
- Word altyd as smaakvol beskou.✓2
- Hulle het toevallige, subtiele veranderinge/ opgraderings.✓3
- 'n Groot groep mense✓4 aanvaar hulle aanhoudend.
- Hulle word deur eenvoud✓5 gekenmerk. (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*

4.2 **Verskaf TWEE voorbeelde van volhoubare tekstiele.**

- Bamboes✓1
- Hennep✓2
- Organiese katoen✓3
- Sojamateriaal✓4
- Sy ('silk')✓5 (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.61-62; Suksesvol, p.67-68)*

4.3 **Verduidelik die volgende terme:**

4.3.1 **Ekovriendelike materiaal**

- Materiaal wat 'n lae koolstofvoetspoor het,✓1 word geproduseer uit gewasse wat nie plaagdoders of chemikalieë vereis om te groei nie.✓2
- Gebruik minder/ min water om te produseer.✓3
- Skep minder afval/ is bio-afbreekbaar.✓4
- Geproduseer uit hernubare/ hergebruikte hulpbronne.✓5
- Word op 'n omgewingsvriendelike wyse vervaardig.✓6
- Natuurlik/ Geen skadelike kleurmiddels kan gebruik word nie.✓7 (Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Verken, p.61; Suksesvol, p.67)*

4.3.2 **Modegiere**

- Word dikwels in bykomstighede✓1 gesien.
- Mode wat hoog in aanvraag is.✓2
- Vind aanklank onder 'n groot groep mense.✓3
- Dit is van korte duur/ kort lewensiklus/ duur slegs vir een seisoen/ word skielik gewild/ verdwyn vinnig.✓4 (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*

4.4 **Motiveer die geskiktheid van die kleur en styl van die uitrusting vir die werksplek.**

- Die keuse van enige kleur bykomstighede/ skoene/ handsak sal by die rok pas/ kan gemeng en pas word.✓1
- Die rok se kleur is neutraal✓2 die styl is basies/ klassiek/ het eenvoudige lyne✓3 en sal vir baie jare hou.✓4
- Swart kan bedags/ in die aand/ opgetooi/ formeel/ professioneel/ eenvoudig/ informeel gedra word.✓5
- Die rok se kleur kan die draer slanker✓6 laat vertoon.
- Die rok is nie ontblotend nie aangesien dit die skouers bedek en onder die knie is.✓7
- Die rok se styl pas alle figuurtipes.✓8 (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.57; Suksesvol, p.61)*

4.5 **Verduidelik hoe die volgende faktore tot bostaande stelling kon bydra.**

4.5.1 **Sosiale faktore**

- Tydens die grendeltydperk (lockdown) het mense nie gesosialiseer nie/ sosiale geleenthede bygewoon nie/ gekuier/ so baie uit gegaan nie/ beweging was beperk/ klokreël was saans in plek gestel.✓1 Daar was geen behoefte om nuwe modes te koop nie.✓2
- Mense het van die huis af begin werk, wat die behoefte om opgetooi te wees, verminder het/ professioneel vir virtueel vergaderings/ mense het meer gemaklike/ informele klere begin dra omdat hulle tuis gebly het.✓3
- Om tussen lande te reis was verbied/ beperk✓4 daarom was daar minder blootstelling aan nuwe modes uit ander lande.✓5
- Daar was min geleentheid vir beroemde persone om nuwe modes by geleenthede te toon.✓6 (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, p.49; Suksesvol, p.54) (Verbruikersaangeleenthede)*

4.5.2 **Ekonomiese faktore**

- Fabrieke wat klere/ tekstiele produseer het tydelik gesluit✓1 wat die tempo van modeverandering verminder het.✓2
- Klere-invoere het afgeneem weens beperkings op reise tussen lande.✓3
- Die meeste klerewinkels was aan die begin van die grendeltydperk (lockdown) gesluit en verbruikers kon nie nuwe klere koop nie.✓4
- Daar was 'n wêreldwye resessie.✓5
- Sommige verbruikers het hul werk verloor/ vir minder ure gewerk.✓6 Dit het hulle besteebare inkomste om nuwe klere te koop verminder,✓7 dus kon modeverandering nie floreer nie. (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, p.49; Suksesvol, p.53) (Verbruikersaangeleenthede)*

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 **Maak 'n lys van die inligting wat by 'n boukontrak ingesluit moet word om die verbruiker en die boukontrakteur te beskerm.**

- 'n Gedetailleerde uiteensetting van alle koste/ insluitend bou- en regskoste.✓[1]
- 'n Beskrywing in besonderhede van al die material en afronding/ lys van spesifikasies.✓[2]
- Die presiese dimensies of grootte van die huis volgens die huisplan.✓[3]
- Die voltooiingsdatum van die bouwerk.✓[4]
- Die datums/ wyse van betaling.✓[5]
- 'n Staat van die waarborge deur die bouer voorsien, wat verseker dat enige strukturele foute, daklekke, bouwerkfoute of werk wat laat voltooi was, herstel moet word of deur die bouer reggestel word.✓[6]
- 'n Kansellasieklousule van die kontrak, indien enige van die partye nie gehoor daaraan kan gee nie.✓[7]
- Gevolge indien die eienaar of die bouer nie hulle kant van die ooreenkoms nakom nie.✓[8] (Enige 5) (5)

*Onthou, maklik (Verken, p. 118; Suksesvol, p. 137)*

5.2 5.2.1 **Noem DRIE faktore om in ag te neem by die keuse van 'n yskas vir 'n gesin.**

- Behoeftes van die gesin (grootte van die gesin/ hoeveelheid spasie beskikbaar/ kenmerke van die yskas/ funksies van die yskas/ gesin se lewenstyl).✓[1]
- Begroting (bekostigbaarheid/ energie-doeltreffendheid/ nuut/ gebruik/ gas/ elektrisiteit/ installasie).✓[2]
- Maklike hantering (instruksies wat maklik is om te verstaan/ volg/ funksies wat dit moet verrig/ universele ontwerp kenmerke).✓[3]
- Veiligheid/ veilig om te gebruik/ veiligheidsertifikaat.✓[4]
- Die betroubaarheid van die handelaar.✓[5]
- Omvattendheid en lengte van geld-terug waarborg.✓[6]

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p. 133; Suksesvol, p.152-153)*
**LET WEL: 'n Punt kan slegs toegeken word vir 'n faktor of 'n voorbeeld.**

5.2.2 **Verduidelik TWEE maniere waarop die yskas menslike energie bespaar.**

- Dit ontdooi outomaties✓[1] wat tyd bespaar✓[2] wanneer die yskas skoongemaak word.
- Dit het 'n metaalafwerking✓[3] wat dit maklik maak om skoon te maak.✓[4] (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p. 136; Suksesvol, p.160)*

5.2.3 **Verduidelik die voordele van die gebruik van 'n sonenergie-hibried yskas.**

- Dit gebruik 'n kombinasie van sonenergie en elektrisiteit/ dit bespaar 44% elektrisiteit (nie-menslike energie).✓[1]
- Die lopende koste sal laag/laer wees✓[2] omdat dit sonenergie gebruik.
- Daar is minder aanvraag op die nasionale elektriese netwerk.✓[3]
- Dit sal goed wees vir die omgewing/ meer omgewingsvriendelik/ verminder lugbesoedeling/ bewaar natuurlike hulpbronne/ verlaag die koolstofvoetspoor.✓[4]
- Die yskas sal aanhoudend funksioneer tydens beurtkrag.✓[5]

(Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p. 134; Suksesvol, p.160)*

5.3 **Bespreek die moontlike gevolge vir huiseienaars indien hulle nie hulle finansiële huiseienaarskap-verantwoordelikhede kan nakom nie.**

- Huiseienaars wat nie maandeliks hul verbandterugbetaling kan maak nie,✓[1] loop die risiko om hul eiendomme te verloor, omdat dit teruggeneem kan word.✓[2]
- Indien munisipale tariewe en belasting nie betaal word, word rente✓[3] gehef en dit akkumuleer.
- Indien water en elektrisiteit nie betaal word nie, kan die diens afgeskakel word.✓[4]
- Indien huiseienaarsversekering nie betaal is nie, mag daar geen uitbetaling✓[5] wees in die geval van skade soos oorstromings of brand nie
- Indien die eiendom nie in stand gehou word nie, verloor dit waarde/raak vervalle.✓[6]
- Veiligheid word ingeboet✓[7] indien sekuriteit nie betaal kan word nie.
- Negatiewe impak op die kredietrekord van die huiseienaar. ✓[8]
- Die hoeveelheid skuld sal vermeerder indien 'n terug-betalings-breek (verligting in paaiement betaling) geneem was. ✓[9] (Enige 5) (5)

*Analisering, moeilik (Verken, p. 122 and 124; Suksesvol, p. 139,140,142 en 145)*

**[20]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Noem VIER vereistes van hoë gehalte verpakking.**

Dit moet/behoort:

- Verbruikers se aandag trek.✓[1]
- Uitstaan bo ander soortgelyke produkte of handelsname op dieselfde rak.✓[2]
- Geskik wees vir die produk/ geskikte vorm/ grootte om die voorkoms en vorm van die produk te beskerm.✓[3]
- Sterk wees/ goed ontwerp/ gemaklik/ maklik om oop/ toe te maak en maklik hanteerbaar.✓[4]
- By alle kleinhandelaars pas/ dit moet maklik wees om op die rakke van verskillende kleinhandelaars te plaas.✓[5]
- Lugdig wees indien goedere waarskynlik vog sal absorbeer.✓[6]
- Sterk genoeg wees om te vervoer.✓[7] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.30; Suksesvol, p.29)*

6.2 **Verduidelik hoe die 5P's van die bemarkingsmengsel in die advertensie hierbo bereik is.**

- Produk: Toffie/ heuning/ toffiesmeer✓[1]
- Plek: Handwerkmarkte/ voedselmarkte/ aanlyn✓[2]
- Prys: Verskillende pryse gelys✓[3] op die advertensie/ bord.
- Promosie: Aanlyn✓[4]
- Persone: Mense met 'n soettand/mense wat die markte besoek✓[5] (5)

*Verstaan, maklik (Verken, p.29-34; Suksesvol, p.28-33)*

6.3 6.3.1 **Identifiseer die maand met hoogste verkope.**

Desember✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.41)*

6.3.2 **Gee DRIE moontlike redes vir die antwoord op VRAAG 6.3.1.**

- Die weer is warm/ somer, geskik vir roomys.✓[1]
- Mense mag meer geld aan die einde van die jaar hê/ bekostigbaar✓[2] bv. weens bonusse.
- Mense onthaal baie/ meer.✓[3]
- Roomys is 'n gewilde/ gerieflike/ gereed om te bedien nagereg.✓[4]
- Baie mense is met vakansie/ skole is gesluit.✓[5] (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.41)*

6.3.3 **Verduidelik waarom Julie die laagste verkope toon.**

Julie is 'n wintermaand/ nie baie mense eet roomys in Julie nie/ winter/dit is koud in Julie✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.41)*

6.4 6.4.1 **Verduidelik kortliks die belangrikheid van personeelopleiding om die sukses van Nel se besigheid te verseker.**

- Om die gehalte van die werk/ diens te verbeter.✓[1]
- Sal nie kliënte se klere/ tafeldoeke/ servette beskadig nie.✓[2]
- Om die produktiwiteit te verhoog/ onafhanklik te werk✓[3] weens verhoogde kennis en werkbeskrywing.
- Om vermorsing van tyd/ skoonmaakmiddels/ elektrisiteit te verminder.✓[4]
- Deur werknemers se moraal/ motivering te verhoog, kan gehalte verbeter.✓[5]
- Om instandhouding en herstelkoste van masjinerie te verminder.✓[6] (Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p.25; Suksesvol, p.26)*

6.4.2 **Verduidelik die belangrikheid van netheid in die wassery.**

- Werkers sal vining/ akkuraat werk/ makliker om skoon te hou.✓[1]
- Verskaf 'n veilige/ gesonde werkomgewing/ voorkom dat ongelukke plaasvind.✓[2]
- Sal help om die werksvloei georganiseerd te hou/ kliënte se klere sal nie gemeng word/ sal skoon gehou word.✓[3]

(Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.17; Suksesvol, p.22)*

6.4.3 **Identifiseer DRIE faktore wat tot die sukses van Nel se besigheid sal bydra.**

- Die besigheid groei/ hy het 'n kontrak vir 'n restaurant ontvang.✓[1]
- Nel het afdelings met spesifieke werkbeskrywings geskep.✓[2]
- Nuwe groot wasmasjiene is aangekoop✓[3] en meer wasgoed kon gewas word.✓[4]
- Goeie kliëntediens/ tevredenheid.✓[5]
- Begin 'n droogskoonmaakafdeling.✓[6]
- Opgeleide werkers sal take vinniger/ beter verrig.✓[7]

(Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)*

6.4.4 **Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe Nel se wassery 'n doeltreffende diens aan sy klante bied.**

Nel het groter masjiene aangekoop sodat meer wasgoed gewas kan word.✓[1] Die besigheid het sy menslike hulpbronne vermeerder/ meer werkers is gehuur.✓[2] Werkers was vir 'n droogskoonmaak- kursus gestuur om hulle vaardighede/ kennis te verbeter.✓[3] Die wassery het verskillende afdelings✓[4] met werkers wat vir spesifieke areas verantwoordelik is✓[5] sodat almal presies weet waarvoor hulle verantwoordelik is.✓[6] Die besigheid verskaf 'n doeltreffende diens wat wasgoed betyds kollekteer/ aflewer.✓[7]

(Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.15-19; Suksesvol, p.21-23)*

**LET WEL: Trek EEN punt af indien nie in paragraafformaat nie.**

6.4.5 **(a) Bereken die bedrag geld wat die besigheid sal maak as 30 mandjies wasgoed daagliks afgehaal, gewas en afgelewer word.**

R100 + R30 = R 130,00✓[1]
R130,00 × 30✓[2] = R3 900,00✓[3]

**OF**

R100,00 × 30 = R 3 000,00✓[4]
R30,00 × 30 = R900,00✓[5]
R3 000,00 + R900 = R3 900,00✓[6]

(3)

*Toepassing, matig (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.35-39)*

**(b) Bereken die wins wat Nel maak as 30 mandjies per dag**
**gewas en gestryk word.**

R3 900,00 × $\frac{40}{100}$ / 40%✓[1] = R1 560,00✓[2]

(2)

*Toepassing, matig (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.35-39)*

6.4.6 **Bespreek die faktore wat Nel se besigheid finansieel volhoubaar maak.**

- Die besigheid sal finansieël volhoubaar wees omdat dit nie 'n seisoenale diens verskaf nie/ dit verskaf 'n diens wat regdeur die jaar vereis word✓[1] en ‘n inkomste sal waarborg.
- Die besigheid het 'n kontrak ontvang,✓[2] wat 'n inkomste vir 'n lang tydperk✓[3] sal voorsien.
- Die besigheid brei uit om droogskoonmaak✓[4] in te sluit wat die getal kliënte vermeerder✓[5] en Nel se inkomste vermeerder.
- Dit verskaf ook 'n optel- en afleweringsdiens✓[6] wat gerieflik vir hul kliënte is en hulle aanmoedig om terug te kom.✓[7]

(Enige 6) (6)

*Analisering, moeilik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)*

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou